Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Kan ons geloof bewerk?"

Skriflesing: Lukas 17:5-10 (1983)

5 Die apostels sê toe vir die Here: "Gee ons meer geloof."
6 Maar die Here antwoord: "As julle maar geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie gehad het, sou julle vir hierdie moerbeiboom kon sê: 'Trek jou met wortels en al uit die grond uit en plant jouself in die see,' en hy sou julle gehoorsaam.
7 "Sê nou een van julle het 'n slaaf wat ploeg of vee oppas. Sal hy vir die slaaf sê as hy van die veld af inkom: 'Kom eet eers gou'?
8 Natuurlik nie! Maar hy sal vir hom sê: 'Maak vir my iets klaar vir aandete. Sit dan jou voorskoot aan en kom bedien my terwyl ek eet en drink. Daarna kan jy self eet en drink.'
9 'n Slaaf wat sy opdrag uitgevoer het, word mos nie bedank nie, of hoe?
10 So is dit ook met julle: as julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen."

◆◆◆

"The function of prayer is not to influence God, but rather to change the nature of the one who prays."
— Søren Kierkegaard

◆◆◆

Lied 224

Kom prys Hom alle nasies.
Kom sing, kom loof die Heer!
Kom prys Hom alle volke.
Kom sing, kom loof die Heer!

Laudate omnes gentes,
laudate Dominum.
Laudate omnes gentes,
laudate Dominum.

Broodjies vir die pad

Rampspoed is op ons voorstoep

Wilhelm Jordaan

'n Mens sidder oor die vandalisme, geweld en anargie op universiteitskampusse. Terselfdertyd moet 'n mens sidder oor vername politici se "oplossings" en "diagnoses": Sluit die universiteite, vermaan die ouers om hul kinders te beheer . . .

Dit is die oppervlakkigheid en oorvereenvoudigings wat onthuts. Dit kan wees dat van die studentefaksies "duister agendas" het en dat daar "kriminele elemente" is, maar 'n fyner kyk lê dié skandvlek op ons hoëronderwysstelsel bloot:

Die ANC het van meet af aan nie beduidend in hoër onderwys belê nie. Die resultaat is 'n katastrofale hoëronderwysresep: Kampusse is oorlaai deur absurde toelatingspraktyke wat beteken te veel studente wat nie dáár hoort nie, maar wat andersoortige en gelykwaardige nie-akademiese (tegniese) naskoolse beroepsopleiding behoort te kry. Saam daarmee krimp staatsbydraes en universiteite moet tekorte uit klasgeld verhaal.

Dit dwing dié vraag op: Hoe moet studente hul protes ánders lug met 'n onbeholpe owerheid wat van die een onbekookte plan na die ander strompel en versuim om na die behoeftes van werklik arm studente luister? Soos 'n student gesê het: "Die regering weet nie van alles hier by ons nie. Ons weet nie hoe om hulle te laat weet nie."

Ontledings van verskeie gewelddadige vlammende proteste regdeur die land sedert 2004 toon dat dit nie uit "duistere magte" kom nie, maar uit die gemoedere van arm, teleurgestelde, gefrustreerde mense.

Die veranderde politieke bedeling het in die 1990's 'n visie van hoop op 'n beter lewe gegee, ook vir nuwe generasies studente. En sekerlik is al baie gedoen om dié hoop te verwerklik. Hoop begin egter taan wanneer armes sien daar is spesiale bevoorregtes (die "soustreinryers") – gemeet aan buitensporige salarisse en bonusse, skrikwekkende korrupsie, staatskasplundering, duur, spoggerige leefstyle ensovoort.

Op arm studente se skaal van vergelyking word die gaping tussen die "beloofde land" en die verwerkliking daarvan groter. En so kry 'n elementêre sielkunde van opstand momentum.

Die brandhout daarvoor is oplaaiende frustrasie, wrewel en woede oor die soustreinkultuur. En die magteloosheid van studente wat weet hulle word nie gehoor nie.

Kampus-anargie berus selde op beredenering; eerder op slagspreuke wat in die gemoed van hoop-ontneemde studente 'n woedende refrein vir verandering word. En by sommige loop dit uit op 'n vernietigende wetteloosheid: Ons maak soos ons wil en vrees nie die gevolge nie – tot skade van universiteite én dié wat wil studeer.

Dit is goed as die anargie ontlont kan word deur ooreenkomste tussen strydende faksies en universiteitsbesture, maar dit sal kort duur as hoër onderwys nie grondig herontwerp word nie. En dít behels veel meer as gratis hoër onderwys. As ons voortgaan soos nou is rampspoed op ons voorstoep.

http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/rampspoed-is-op-ons-voorstoep-20160927

◆◆◆

"Something I constantly notice is that unembarrassed joy has become rarer. Joy today is increasingly saddled with moral and ideological burdens, so to speak. When someone rejoices, he is afraid of offending against solidarity with the many people who suffer. I don't have any right to rejoice, people think, in a world where there is so much misery, so much injustice.

I can understand that. There is a moral attitude at work here. But this attitude is nonetheless wrong. The loss of joy does not

make the world better - and, conversely, refusing joy for the sake of suffering does not help those who suffer. The contrary is true. The world needs people who discover the good, who rejoice in it and thereby derive the impetus and courage to do good. Joy, then, does not break with solidarity. When it is the right kind of joy, when it is not egotistic, when it comes from the perception of the good, then it wants to communicate itself, and it gets passed on. In this connection, it always strikes me that in the poor neighborhoods of, say, South America, one sees many more laughing happy people than among us. Obviously, despite all their misery, they still have the perception of the good to which they cling and in which they can find encouragement and strength.

In this sense we have a new need for that primordial trust which ultimately only faith can give. That the world is basically good, that God is there and is good. That it is good to live and to be a human being. This results, then, in the courage to rejoice, which in turn becomes commitment to making sure that other people, too, can rejoice and receive good news."

— Pope Benedict XVI

◆◆◆

"The Christian life is not about pleasing God the finger-shaker and judge. It is not about believing now or being good now for the sake of heaven later. It is about entering a relationship in the present that begins to change everything now. Spirituality is about this process: the opening of the heart to the God who is already here."

— Marcus J. Borg, The God We Never Knew: Beyond Dogmatic Religion to a More Authentic Contemporary Faith

◆◆◆

"The older I grow and the more I abandon myself to God's will, the less I value intelligence that wants to know and will that wants to do; and as the only element of salvation I recognize faith, which can wait patiently, without asking too many questions."

Umberto Eco, The Name of the Rose

◆◆◆

"To love means loving the unlovable. To forgive means pardoning the unpardonable. Faith means believing the unbelievable. Hope means hoping when everything seems hopeless."

— G.K. Chesterton

◆◆◆

"It is customary to blame secular science and anti-religious philosophy for the eclipse of religion in modern society. It would be more honest to blame religion for its own defeats. Religion declined not because it was refuted, but because it became irrelevant, dull, oppressive, insipid. When faith is completely replaced by creed, worship by discipline, love by habit; when the crisis of today is ignored because of the splendor of the past; when faith becomes an heirloom rather than a living fountain; when religion speaks only in the name of authority rather than with the voice of compassion--its message becomes meaningless."

— Abraham Joshua Heschel, God in Search of Man: A Philosophy of Judaism

Brood vir die pad

Is dit nie goed om 'n slag ánders te dink nie?

Dirkie Smit

Dis dalk 'n gawe dag vir sulke gedagtes. Die Ierse denker Richard Kearney – van die mees gelese hedendaagse filosowe – laat sulke gedagtes opkom in *Reimagining the Sacred*, onlangse gesprekke met die *whos' who* van hedendaagse geesteswetenskaplikes oor sy werk.

Hy dink na oor Abraham, die aartsvader, en die aangrypende Genesis 22 waarvolgens hy bereid was om sy seun Isak, sy erfenis, te offer, net om dié toe wonderbaarlik asof uit die dood terug te kry (só sê Hebreërs later inderdaad, in 11:19).

Abraham het Isak as gegewe prysgegee, skryf Kearney, as *given*, om hom opnuut terug te ontvang as gawe, as *gift*. Abraham het Isak afgestaan as besit, sê hy, net om hom opnuut terug te ontvang as belofte.

Dit herinner aan nóg 'n gevierde Katolieke skrywer, G.K. Chesterton, se sêding dat alles beter lyk as dit lyk na geskenke.

Die bedoeling is dieselfde. Ons ervaar meer waardering – vir álles en álmal – na dié mate wat ons begryp dat hulle nie maar vanselfsprekend dáár is, bloot gegewe, as ons eiendom en besit om mee te maak wat ons wil nie, maar gáwes, geskénk, ónverdiend. As ons bedink dat alles so maklik ánders kon wees.

Dit herinner weer aan Paulus se sagte vermaning as hy die Korintiërs vra wat hulle dan eintlik het wat hulle nie ontvang het nie (1 Kor. 4:7)?

Wat hét ons eintlik wat nie só maklik anders kon wees – of steeds enige oomblik kán nie? Niks is ooit ewig ons eiendom, niemand ooit ons besit, geen mens behóórt aan ons asof ons nie diep dankbaar behoort te wees vir hulle dáár-wees en toegeneentheid nie. Dit geld van ons hele lewe, selfs prestasies en suksesse, talente en vermoëns, geleenthede en voorregte, dink maar net hoe min dit sou kos en alles was eensklaps ingrypend anders? Dit geld tog ook ons verhoudinge, met geliefdes, kinders, vriende, náástes – álmal gawes, álgar beloftes?

Sommige se gedagtes mag dalk selfs vérder op loop sit.

Dalk vra hoe om dank te betuig vir al dié, op 'n dag soos vandag? Vir wié om almal 'n slag te sê hulle is nie vir ons sommer net gegewe nie, maar gáwes? Of dalk te wonder wat ons op ons beurt vir ánder beteken, nalaat? Ja, dis Erfenisdag, dalk 'n gawe dag vir sulke gedagtes, maar eintlik is alle dae tog gawe dae vir sulke gedagtes? Want dis gawe gedagtes vir énige dag? Om telkens te ontdek hoe ons erfenis voor ons oë opnuut mooi word, sienderoë verander van gegewe na gawe, van besit na belofte?

http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/is-dit-nie-goed-om-n-slag-anders-te-dink-nie-20160923

◆◆◆

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877